

# Prosesvloei: Heraanstelling van die Rektor en Visekanselier (verkorte prosedure)

## RAAD

Prosesbestuur: Registrateurskantoor (as die sekretariaat van die Raad), in samewerking met die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB)

Die Raadsvoorsitter moet die Rektor en Visekanselier twaalf (12) maande voordat die huidige termyn verstryk, nader om te vra of hulle 'n tweede termyn wil dien. 'n Verkorte prosedure mag minstens een keer gevolg word.

Indien die Rektor en Visekanselier wel 'n tweede termyn wil dien, moet hulle die onderstaande dokumentasie aan die Raadsvoorsitter voorlê:

1. 'n Verslag oor hulle werksprestasie tydens hul huidige termyn.
2. Terugvoer van direkte ondergeskiktes en sleutelbelanghebbers.
3. 'n Visiestelling vir 'n moontlike tweede termyn.
4. 'n Opgedateerde curriculum vitae met volle besonderhede.

Die Raadsvoorsitter moet die dokumentasie via die Menslikehulpbronne- en Vergoedingskomitee van die Raad aan die Raad voorlê om te besluit of die verkorte of vollengte prosedure gevolg moet word.

## INSTITUSIONELE FORUM (IF) & SENAAT

Indien die Raad op die verkorte prosedure besluit, moet die onderstaande dokumentasie aan die Senaat en IF voorgelê word om oor die heraanstelling van die posbekleër te stem:

1. 'n Verslag oor die Rektor en Visekanselier se werksprestasie tydens hul huidige termyn.
2. Terugvoer van direkte ondergeskiktes en sleutelbelanghebbers.
3. Die Rektor en Visekanselier se visiestelling vir 'n moontlike tweede termyn.
4. 'n Opgedateerde curriculum vitae met volle besonderhede.

Die uitslag van die stemming word aan die Raad voorgelê.

# Prosesvloei: Heraanstelling van die Rektor en Visekanselier (verkorte prosedure)

## RAAD

Prosesbestuur: Registrateurskantoor (as die sekretariaat van die Raad), in samewerking met die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB)

## INSTITUSIONELE FORUM (IF) & SENAAT

Bladsy  
1

Indien die posbekteër, met inagneming van die stemming in die Senaat en die IF, 'n absolute meerderheid (50% + 1) van stemme verwerf onder die Raadslede wat teenwoordig en stemgeregtig is, word die posbekteër aangestel vir 'n verdere termyn soos deur die Raad bepaal.

Die Raadsvoorsitter stel die posbekteër van die finale besluit in kennis.